sphere consult
The Financial Professionals
Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer
Authorised Financial Services Provider

20 Oktober 2014

Met die waarde van die JSE nou aansienlik laer as sy rekordhoogtepunt in Julie en internasionale markte ook steeds meestal af, het ons navrae van benoude beleggers gehad.

Dit is verstaanbaar dat hierdie nie is wat ons wil sien nie, maar beleggers moet met die oog op die langtermyn belê. Die vooruitsigte vir toekomstige verdienste lyk nou beter as voor die markdaling. Die buiteland, in besonders Amerika, is besig om ekonomies te herstel wat die wêreld se markte positief maak.

Moenie paniekbevange raak nie, sê Avien Pillay, navorsingshoof van Old Mutual Wealth Private client securities. Markregstelling is normaal.

Francois van der Merwe, hoof van makro-navorsing van Novare Investments, meen die daling van bykans 10% is 'n gesonde regstelling in die bulmark en het van die "skuim" in die hoë aandelewaardasie opgeruim. Markwaarnemers waarsku al lank dat die JSE oorwaardeer is en dat herstel nodig is.

DEFINITION of 'Correction'

A reverse movement, usually negative, of at least 10% in a stock, bond, commodity or index to adjust for an overvaluation. Corrections are generally temporary price declines interrupting an uptrend in the market or an asset. A correction has a shorter duration than a bear market or a recession, but it can be a precursor to either.

Ons sien gewoonlik tydens September en Oktober maande 'n hoë vlak van volatiele markte. Ons glo dat ons na die einde van die jaar goeie opbrengste sal sien, dis 'n tendens dat jaar eindes die markte weer positief beïnvloed.

Die grootste fout wat beleggers tydens 'n markregstelling kan doen, is om in 'n staat van paniek aandele te verkoop wat binne 'n paar maande weer sou herstel. Na die verkoop is die verlies vasgemaak.

Gaan lees gerus die interessante artikel oor **"Stay invested in times of market uncertainty"** op ons webtuise.
(http://sphereconsult.co.za/investments-savings-and-retirement/)

Wees egter verseker dat ons na aan die fondse se bewegings is en weet wat om te doen indien die markte negatief sóu draai. Ons verwag egter nie meer skerp dalings in die mark nie, en dus positiewe tye.

Kom ons gee die beleggings tyd om hul waardes te ontsluit!

Laat egter weet as daar steeds groot onsekerheid of vrae is.

John Bogle – "Take this chance to sit back and review your personal investments in the context of your financial objectives and risk appetite, not short-term market performance. If your personal circumstances and investment goals are unchanged, stay committed to your long-term investment plan. ***Time is your friend; impulse is your enemy."***

Bronne: Markregstelling is nodig – Die Burger SAKE
JSE regstelling: Dis nie Swart Oktober nie – Netwerk 24
Kalmeer, dis nie 'n beermark – Netwerk24
Vir die volledige artikels – besoek ons webtuiste http://sphereconsult.co.za/investments-savings-and-retirement/